Publication: Sake (Rapport)
Date: 04 Sep 2016
Page: 4

# Stel 'n testament op, want die dood is nie iets wat jy kan systap nie

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Ignoreer dit, dan gaan dit weg. Dit was 'n lewensles van my aan my seuns van kleins af. Tong-in-die-kies, maar met 'n sterk onderliggende boodskap: Moenie toelaat dat jou probleme jou onderkry nie. Niks is te moeilik om te bowe te kom nie.

Kom ons praat nou oor dood en geld.

Op voorverlede week se Fisa-konferensie in Sandton het adv. Lester Basson, hoofmeester van die hooggeregshof, die oë laat rek met twee stukkies statistiek: Net sowat 23% van oorledenes het 'n testament, en die grootste enkele probleem met die afhandeling van 'n boedel is 'n tekort aan kontant.

En die onderwerpe wat die meeste mense vermy? Testamente en lewensversekering.

Dít kan jy nie ignoreer nie, want dit gaan nie weg nie. Dood gaan jy dood. Nee, jy gaan nie "dalk eendag iets oorkom" nie. Jy gaan dood. Morsdood. So dood dat jy niks sal kan verander waaraan jy nie voor die tyd aandag gegee het nie.

Maar jy kan die finansiële probleme wat deur jou dood ontstaan, te bowe kom. Jy kan sorg vir die verdeling van jou goed met 'n testament, en met genoeg lewensdekking sorg vir diegene aan wie jy sorg onderneem het.

Die Suid-Afrikaanse reg ag die vryheid om te testeer (te besluit hoe jou bates ná jou dood verdeel moet word deur dit testamentêr voor te skryf) baie hoog. Jy het selfs die vryheid om nie 'n testament op te stel nie. Maar dan moet jy aanvaar dat die Wet op Instestate Erfopvolging gaan bepaal hoe jou goed ná jou dood verdeel sal word en nie jy nie.

Die Wet op Testamente bepaal die regsvoorskrifte vir 'n testament, maar dis nie genoeg nie. 'n Wettige testament verseker nie noodwendig dat jou wense uitgevoer gaan word nie. Inteendeel, 'n wettige testament kan selfs juis seker maak dat dit wat jy wou hê, nie kan plaasvind nie. En klousules in testamente wat nie uitvoerbaar is nie, beteken dat daardie bates intestaat verf, soos genoem.

Die antwoord lê nie in 'n wettige testament nie. Jou enigste sekerheid is om met die hulp van 'n kundige finansiële beplanner 'n boedelplan op te stel. Dit is eers dan dat sulke probleme en finansiele risiko's, onder meer belastings en likiditeit, te voorskyn kom.

Om sommer gou 'n testament op te stel sonder dat die grondwerk gedoen is, kan jou baie duur te staan kom - of liewer, jou naasbestaandes duur te staan kom.

Genoeg lewensversekering is noodsaaklik om te voorkom dat boedelbates verkoop sal moet word om jou testamentêre wense te kan uitvoer of om sterfbedkoste en belastings of eise teen die boedel te kan dek. Alles begin by 'n plan.

■ *Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Navrae: Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen*

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission